

<b>postal</b>	Private Bag X6546, GEORGE, 6530
<b>physical</b>	4th Floor York Park Building, York Street, GEORGE, 6529
<b>website</b>	<a href="http://www.capenature.co.za">www.capenature.co.za</a>
<b>enquiries</b>	<b>Carlo van Tonder</b>
<b>telephone</b>	+27 44 802 5300 fax +27 44 802 5313
<b>email</b>	<a href="mailto:cvtonder@capenature.co.za">cvtonder@capenature.co.za</a>
<b>reference</b>	1/2/2/1/2/2/O
<b>date</b>	17 August 2015

## **AANSOEK VIR 'N PERMIT OM ONBESKERMDE FLORA (INSLUITEND HEUNINGBOSTEE, CYCLOPIA SPESIES) VANAF DIE WES-KAAP PROVINSIE UIT TE VOER**

### WIE DIT MAG AANGAAN

#### **1. Wetlike vereistes vir die pluk/oes van Heuningbostee (*Cyclopia spesies*) in terme van Ordonnansie 19 van 1974.**

Volgens die Wes-Kaapse Natuurbewarings Ordonnansie 19 van 1974 word Heuningbostee (*Cyclopia spesies*) huidiglik as onbeskermd inheemse flora beskou en word handeling daarmee op die volgende maniere reguleer:

- Skriftelike toestemming van die betrokke grondeienaar word benodig wanneer Heuningbostee op iemand anders se grond gepluk word (artikels 63(1)(c) & 63(2). Die bepalinge van artikels 63(1)(c) & 63(2) volg onder punt nummer 2.
- Wanneer Heuningbostee geskenk of verkoop word aan 'n ander persoon moet 'n skriftelike dokument aan sodanige ander persoon oorhandig word (artikel 41). Die bepalinge van artikel 41 volg onder punt nummer 3.
- Enige persoon wat in besit van Heuningbostee is moet 'n geskrewe dokument soos hierbo bepaal in sy besit hê (artikel 42).
- Enige geskrewe dokument waarna hierbo verwys word moet vir 'n periode van twee maande gehou word (artikel 43).
- 'n Permit kragtens bogenoemde Ordonnansie en deur CapeNature uitgereik word benodig wanneer Heuningbostee vanaf die Wes-Kaap Provinsie uitgevoer word (artikel 70).

#### **2. Verbod op pluk van sekere flora**

Artikel 63 van bogenoemde ordonnansie bepaal dat:

Niemand mag—

63 (1) (c) enige beskermd of inheemse onbeskermd flora op grond waarvan hy of sy nie die eienaar is, pluk sonder die toestemming van die eienaar van sodanige grond of van enige persoon deur sodanige eienaar gemagtig om sodanige toestemming te verleen nie.

(2) Geen toestemming ingevolge subartikel (1)(c) verleen, is geldig nie tensy dit op skrif gestel is en daarin aangegee word—

(a) die volle name en adres van die eienaar van die betrokke grond of van die persoon wat gemagtig is om sodanige toestemming te verleen;

The Western Cape Nature Conservation Board trading as **CapeNature**

Board Members: Prof Gavin Maneveldt (Chairperson), Mr Carl Lotter (Vice Chairperson), Mr Mervyn Burton, Mr Mico Eaton, Prof Francois Hanekom, Dr Bruce McKenzie, Ms Merle McOmbring-Hodges, Adv Mandla Mdludlu, Mr Danie Nel, Prof Aubrey Redlinghuis, Mr Paul Slack

(b) die volle name en adres van die persoon aan wie toestemming verleen word, en  
(c) die getal en spesies van flora, die datum of datums waarop sodanige flora gepluk kan word en die grond ten opsigte waarvan toestemming verleen word, en geteken en gedateer is deur sodanige eienaar of die persoon deur hom of haar gemagtig.

### **3. Skenking of verkoop van flora**

Artikel 41 van bogenoemde ordonnansie bepaal dat:

41. Niemand mag enige flora aan enige ander persoon skenk of verkoop nie tensy hy of sy, wanneer hy of sy sodanige flora aan sodanige ander persoon aflewer, sodanige ander persoon voorsien van 'n geskrewe dokument deur hom of haar onderteken waarin aangegee word—

(a) die volle name en adres van sodanige eersgenoemde persoon;

(b) die volle name en adres van sodanige ander persoon;

(c) die getal en spesies van flora aldus geskenk of verkoop;

(d) die datum waarop sodanige flora aldus geskenk of verkoop is, en

(e) 'n verklaring deur hom of haar dat hy of sy sodanige flora aan sodanige ander persoon geskenk of verkoop het.

### **4. Aansoek prosedure vir uitvoer permit**

- Voltooi aangehegte aansoekvorm
- 'n Administrasiefooi van R100 is betaalbaar per aansoek. Die administrasiefooi is op die volgende manier betaalbaar: 1) Elektronies oordrag van fondse 2) direkte deposito by bank en 3) kontant betaalbaar by CapeNature Kammanassie Natuurresewaat kantoor, van Riebeeckstraat 26, Uniondale OF CapeNature George kantoor, 4de vloer, York Park gebou, Yorkstraat, George, kantoor ure Maandae tot Vrydae 07h30 – 16h00. (CapeNature bankbesonderhede aangeheg). Heg bewyse van inbetaling aan met aansoek.
- Heg aan skriftelike toestemmingsbrief vanaf die grondeienaar op wie se eiendom die Heuningbostee gepluk gaan word soos uiteengesit deur artikels 63(1)(c) en 63(2) OF indien die Heuningbostee vanaf 'n ander persoon gekoop of as skenking ontvang is 'n geskrewe dokument soos uiteengesit deur artikel 41.
- Stuur volledige aansoek met aangehegte dokumentasie na CapeNature, George kantoor: Faks: 044 802 5313 of E-pos: cvtonder@capenature.co.za, bleroux@capenature.co.za.
- Kommentaar op volledige aansoeke sal deur die CapeNature Bewaringsdienste George kantoor aan die CapeNature permitafdeling verskaf word wat die aansoek tussen 5 – 10 werksdae sal proseseer. Onvolledige aansoeke sal nie verwerk word nie.

Die uwe,

**CARLO VAN TONDER**  
**BEWARINGSDIENSTE BEAMPTE**

The Western Cape Nature Conservation Board trading as **CapeNature**

Board Members: Prof Gavin Maneveldt (Chairperson), Mr Carl Lotter (Vice Chairperson), Mr Mervyn Burton, Mr Mico Eaton, Prof Francois Hanekom, Dr Bruce McKenzie, Ms Merle McOmbring-Hodges, Adv Mandla Mdludlu, Mr Danie Nel, Prof Aubrey Redlinghuis, Mr Paul Slack

The Western Cape Nature Conservation Board trading as **CapeNature**

Board Members: Prof Gavin Maneveldt (Chairperson), Mr Carl Lotter (Vice Chairperson), Mr Mervyn Burton, Mr Mico Eaton, Prof Francois Hanekom, Dr Bruce McKenzie, Ms Merle McOmbring-Hodges, Adv Mandla Mdludlu, Mr Danie Nel, Prof Aubrey Redlinghuis, Mr Paul Slack